

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)  
Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

## Parashah 6: Toldot (תולדות) – Geslagte / Generasies

*En dit is die geskiedenis van Isak, die seun van Abraham: Abraham was die vader van Isak.*  
Gen. 25:19

**Torah** : Gen. 25:19 tot 28:9.

**Haftorah**: Maleagi 1:1 tot 2:7.

**Hernieuwe Verbond**: Luk. 3:1 tot 18; Rom. 9:6 tot 16; Heb. 11:20; Hebr. 12:14 tot 17.

**H**ierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 6 wat afgelaai kan word by: <http://nuwelielied.info/wp-content/uploads/2013/01/Parashah6Notas14.pdf> of deur dit aan te vra by [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

*Certain thoughts are prayers. There are moments when, whatever be the attitude of the body, the soul is on its knees – Victor Hugo.*

*Voed jou gees met YHVH se liefdevolle onderrig en instruksies en die vlees van selfisme sal 'n hongerdood sterf!*

*This has been my guiding principal in YHWH's Vineyard. Rather than redirecting our fleshly desires, let's allow them to be slain with Messiah. Rather than trying to "improve self", lets put self to death. For when we die to self, we live in Him – Anonymous.*

*The Ultimate ignorance is the rejection of something you know nothing about, yet refuse to investigate – Anonymous.*

## Midrash (Torah Bespreking)

### Beloftes Vereis Geduld

Die King James vertaling van Gen. 25:19 lees: *And these are the **generations** of Isaac, Abraham's son: Abraham begat Isaac....*, wat dit vir ons duidelik maak waarom die naam van hierdie week se parashah *Generasies (geslagte)* is.

Ons dien die God van Abraham, Isak en Jakob en daarom is ons deel van die generasies na wie parashah *toldot* verwys, want Abraham is die vader van Isak en Abraham is ook ons voorvader soos deur Paulus in Gal. 3:7 en 29 bevestig word:

*Julle verstaan dan dat die wat uit die geloof is, hulle is kinders van Abraham.*

*En as julle aan Messias behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.*

Ons moet in die voetspore van Abraham en Isak stap – voetspore van vertroue in die genade van YHVH deur Yeshua en voetspore van gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies, naamlik Torah! Ons moet met ons geestesoë ook sien wat ons voorvader Abraham gesien het, naamlik die (weder)koms van Yeshua Messias!!

Die eerste van die nageslag van Isak was sy tweelingseuns Jakob en Esau. In vergelyke met die lewe van Abraham, asook in vergelyke met die lewe van die van Jakob en Esau, leer Torah ons relatief min aangaande die lewe van Isak. Volgens Torah kry ons die indruk dat Isak nie eintlik ‘n man van aksie was nie, maar een wat rustigheid en stilte verkies het. Nogtans bevat die geskiedenis van Isak belangrike lewenslesse wat steeds op ons van toepassing is.

Een van hierdie lewenslesse is dat Isak vir ons die voorbeeld is van iemand wat in stille vertroue wag dat YHVH Sy beloftes sal waarmaak! Hy is die voorbeeld van geduldige vertroue dat YHVH Sy beloftes sal vervul.

Isak was veertig jaar oud toe hy met Rebekka getrou het. Hy het geweet dat hy die voortsetting van die belofte was wat YHVH aan sy vader Abraham gemaak het, naamlik:

*En Ek sal jou ‘n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy ‘n seën sal wees. En Ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek; en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word. Gen. 12:2 en 3.*

*Daarop lei Hy hom uit na buite met die woorde: Kyk nou op na die hemel en tel die sterre as jy hulle kan tel. En Hy sê vir hom: So sal jou nageslag wees. Gen. 15:5.*

*Op dié dag het YHVH met Abram ‘n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land... Gen. 15:18.*

Soos Abraham en Sarah het Isak en Rebekka ook verlang na die spoedige koms van ‘n seun. Maar die jare het verbygegaan en Rebekka het nie swanger geword nie. Dan lees ons:

*Yitz'gak het gebed tot יהוה namens sy vrou, want sy was onvrugbaar en יהוה het sy gebed verhoor sodat sy vrou Rivkah swanger geword het. Gen. 25:21 – PWL<sup>1</sup>*

Isak was 60 jaar oud toe sy twee seuns gebore was (Gen. 25:25 en 26). Hy en Rebekka het dus YHVH-God vir 20 jaar vertrou vir ‘n erfgenaam volgens die belofte vir die voortsetting van die nageslag wat se getalle sal vermeerder tot soveel as die sterre aan die hemel (Gen. 15:5).

Wat is die lewenslesse wat ons hieruit leer?

Eerstens leer ons dat die vervulling van YHVH se beloftes geduld vereis met volgehoue vertroue dat YHVH nie ‘n mens is wat sal lieg nie, maar dat elke woord wat Hy spreek, waar sal word (Num. 23:19). Vader-God se beloftes is altyd vasstaande, maar dikwels tydsaam in vervulling. Die doel is om ons geloof (vertroue) in YHVH en ons geduld te beproef. Daarom sal daar in hierdie wagperiode dikwels omstandighede ontstaan wat die vervulling van die beloftes na ‘n onmoontlikheid sal laat lyk!

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch):

Die tweede lewensles is dat ons nie moet probeer om die vervulling van YHWH se beloftes te bespoedig of af te dwing nie. Isak het nie soos sy ouers 'n plan bedink om 'n nageslag deur Hagar, Sarah se slavin, te verwek nie (Gen. 16:1 tot 4). Nee, Isak het op YHWH bly vertrou om die belofte van 'n nageslag deur Rebekka waar te maak en dit op YHWH se tyd!

Soos Isak moet ons ook volhard in die gebed en in alle omstandighede bly vertrou op Vader-God se beloftes. Yeshua het gesê en ons belowe:

*Hou aan vra en vir julle sal gegee word; hou aan soek en julle sal vind; hou aan klop en vir julle sal oopgemaak word, want elkeen wat aanhou vra, ontvang en hy wat aanhou soek, vind en vir hom wat aanhou klop, sal oopgemaak word. Luk. 11:9 en 10 – PWL.*

Yeshua het ook ons volhardende gebede verduidelik aan die hand van 'n gelykenis:

*Hy het ook vir hulle 'n vergelykende storie vertel dat 'n mens altyd moet bid en nie moeg word nie: “Daar was 'n sekere regter in 'n stad wat God nie geëer of gevrees en mense nie respekteer het nie. Daar was ook in daardie stad 'n sekere weduwee en sy het aanhoudend na hom toe gekom en gesê: ‘Bevry my van my teëstander in my hofsaak.’ Vir 'n tydperk wou hy nie, maar daarna het hy by homself gesê: ‘Al vrees of eer ek God ook nie en al respekteer ek 'n mens nie, tog, omdat hierdie weduwee my uitput, sal ek vir haar intree sodat sy my nie versondig nie.’” Ons Meester sê: “Hoor wat die bose regter sê. Sal God dan nie verdediging bring vir dié wat Hy gekies het, wat dag en nag tot Hom roep en geduldig wees met hulle nie? Ek sê vir julle dat Hy gou hulle verdediging sal bewerk en tog, as die Seun van die mens kom, sal Hy vertrou op die aarde vind?” Luk. 18:1 tot 8 – PWL.*

Isak se gebed is uiteindelik verhoor! Maar ons moet egter daaraan herinner word dat hy in die voetspore van sy Vader Abraham gestap het as 'n man wat deur geloof geregverdig was en wat in Torah gehoorsaamheid saam met YHWH gewandel het. Onthou: Beantwoording van ons gebede vereis dus geloof in Yeshua as Messias en gehoorsaamheid aan YHWH se onderrig en instruksies. Salomo het gesê:

*Hy wat sy oor toedruk om nie na die wet te luister en dit te doen nie, selfs sy gebed is 'n verwerplikeheid. Spr. 28:9 – PWL.*

Elkeen wat YHWH se Woord – Sy Torah – hoor en dit doen, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword (1 Joh. 2:5).

Wanneer ons Vader-God waarlik liefhet, sal ons die Woorde van Sy Seun bewaar (dit doen) en dan sal die Vader by ons Sy woning maak (Joh. 14:21 en 23). Dan sal ons gebede beantwoord word!

*Maar wie ook al Sy woorde voortdurend uitvoer, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword, want hieraan weet ons dat ons in Hom is: hy wat sê dat hy voortdurend in Hom bly, vir hom is dit nodig om so te leef soos wat Hy geleef het. 1 Joh. 2:5 en 6 – PWL.*

Laat ons met vertrou en geduld wag totdat YHWH al Sy beloftes op Sy tyd sal vervul!

*Wees dan geduldig, broers, tot op die wederkoms van die Meester. Kyk, die landbouer wag op die kostelike vrug van die aarde en het geduld daarmee totdat dit die vroeë en die laat reën ontvang het. Jak. 5:7 – Woord en Getuienis.*

## Bepiens of Bespreek

1. Gen. 25:21 – *Yitz'gak het gebid tot יהיה namens sy vrou. Hierdie teksvers het weinig kommentaar nodig, maar eerder net die vraag aan mans: Hoe gereeld bid jy namens jou vrou – jou hulp? En nog belangriker: Hoe gereeld word jou gebede wat jy namens jou vrou bid verhoor? In die verband is dit belangrik om Petrus se woorde aan elke man aangaande sy eggenote herinner te word:*

*Net so moet julle, manne, verstandig met hulle saamlewe en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys, omdat julle ook mede-erfgename van die genade van die lewe is – sodat julle gebede nie verhinder mag word nie. 1 Pet. 3:7.*

2. Is ons nie geneig om die Vader te wil 'help' in tye wat ons gebede nie gou genoeg verhoor word nie? Ons is dikwels soos Abraham en Sarah wat 'n 'plan' maak om YHVH te 'help' dat Sy beloftes vervul word! Is dit moontlik dat Isak uit hierdie fout van sy ouers geleer het? Moet ons nie ook uit ons ouers se foute leer nie?

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Shabbat Shalom in Yeshua.

Johan

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*